Die Posduif
Nuusbrief van die NG Kerk Parys-Wes

NG KERK PARYS-WES

Visie: *Gedring deur God se Liefde leef ons om Hom te verheerlik*
Missie: *Koinonia, Geloof en Getuienis*

Jaargang 21 4de Kwartaal 2020

HET JY AL OOIT AAN JOUSELF GEDINK AS SKATRYK?

Sekerlik nie na 2020, die *annus horribilis* nie, want behalwe dat dit finansieel maar druk gegaan het hierdie jaar, lyk ons geestelike balansstaat hier aan die einde ook glad nie so rooskleurig nie. Dit wat ek voor begroot het vir 2020 (of noem dit maar nuwejaarsvoornemens) – die geestelike groei, die besig wees met die regte dinge (my prioriteite), my betrokkenheid en diensbaarheid in die gemeente en gemeenskap – van dié dinge het maar min gerealiseer. Voeg daarby ons wegkruip vir die Covid-19 virus en die resultaat wys op ‘n tekort in plaas van ‘n wins. En die gevaar is daar dat hierdie kringloop in die nuwe jaar weer van vooraf kan begin.

Kom ons verhoed dit. Kom ons gaan kyk weer ‘n slag na ons vaste bates en beleggings want ons vergeet soms daarvan. Effekte trusts? Annuïteite? Persiese matte en oorspronklike skilderye? Nee, dis nie waarin my miljoene belê is nie.

Joyce Landorf skryf in haar boekie “The richest Lady in Town” dat haar Hongaarse oupa een middag, na ‘n heerlike en gesellige Sondag familie-ete, voor haar man kom staan het met die volgende woorde: *“You listen Dick. I tell you truth. You are big millionaire. You got this house, you got children, you got big backyard, you got her* (wysende na haar), *she got you!”* Sy wysvinger was onder haar man se neus. *“And you know **vat else?** You millionaires! **You got God!”*** Maande na sy dood het sy woorde nog bly steek: *“You are millionaires”.*

Wat ‘n skade om elke dag te leef sonder die wete van jou rykdom! Dis soos die tannie wat in armoede sterf met R100 000 in die kissie onder die bed! Ons het geestelike beleggings waarvan die rentekoerse net styg, skatte wat misdadige Suid-Afrika nooit kan bykom en steel nie. Paulus skryf in Efesiërs 1 : 18 *“Ek bid*

dat Hy julle geestesoë so verhelder dat julle kan weet watter hoop sy roeping inhou en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het en hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo".

Dit is wat die Christuskind in die krip hierdie Kersfees weer opnuut vir ons kom onderstreep: Jy het álles as jy vir Christus in jou lewe het! Die Heilige Gees is die eerste paaiement van ons erflating en "…*die waarborg dat ons ook verder sal ontvang wat God belowe het, wanneer Hy almal wat aan Hom behoort, volkome sal verlos. Daarom moet ons sy grootheid prys. (Efes. 1:14).* Ons is ryk, of ons nou so voel of nie. Maar dan moet ons die opbrengs, die rente uit hierdie beleggings van ons geniet en gebruik – dan sal ons dag- en ons maand- en ons jaarstaat kan klop.

En dan is daar nie aan die einde van die jaar sprake van verliese nie. Daar is net sprake van wins want deel van my rykdom is dan juis die vergifnis van my tekorte en laste deur die Christuskind. Ek kan elke dag van 2021 wakker word met die wete: "Ek is ryk!"

Maak 'n slag soos Joyce Landorf in haar boekie aanbeveel: *"It's really about time you threw open the shutters of your heart, pulled out all the stops on your vocal chords and yelled to the neighbours next door, the people uptown and downtown and to the whole world in general: "Hey, look at* ***me****. I have everything, and praise the Lord, you know what?*

"I'm *the richest lady in town!*

"That's right, ***me!***

*"****I'm*** *the richest lady in town!"*

Mag jy hierdie Kersfees opnuut weer jou rykdom in die krip van Bethlehem ontdek en dit elke dag van 2021 geniet en dit kwistig uitdeel in jou huis, in die gemeente, in die omgewing. **Dít is verdeling van rykdom sonder gelyke!**

- *Suna Meyer* Grafika - Suiderkruis : www.suiderkruis.co.za

BARRY EN INA VAN WYK VERJAAR

Baie geluk aan ds Barry en Ina van Wyk wat op 17 en 22 Oktober onderskeidelik verjaar het. Ons wens julle 'n baie mooi en 'n geseënde jaar vol goeie gesondheid en baie liefde toe en ons vertrou dat julle nog lank en gelukkig saam met ons hier in Parys-Wes sal wees.

Foto - Hannetjie Havenga. *(Ons sal 'n plan moet maak vir 'n nuwe foto – Red.).*

SENIOR BURGERS - 80 JAAR EN OUER

Hartlik geluk, mag die verjaarsdag en die nuwe lewensjaar geseënd wees! "U leer my hoe om te lewe. By U is daar oorvloedige blydskap. Uit u hand kom net wat mooi is." Ps 16:11

Oktober:

12 – Annè Opperman (82): Dit gaan baie goed. Sy is nog gesond en aan die gang met haar plante en hekel- en breiwerk.

3 – Chris Venter (82): Chris ly al twaalf jaar aan Alzheimer en die epilepsie-aanvalle wat hy kry doen elke keer skade. Die versorging is veeleisend maar sy vrou doen dit met toewyding en blymoedigheid.

14 – Krimpie du Preez (81): Die gaan nog goed. Daar is wel hier en daar 'n pyn maar as hy eers aan die gang is gaan dit sommer beter.

18 – Charles Janse van Rensburg (82): Dit gaan baie goed. Hy is geseënd en baie dankbaar. Bly positief ten spyte van die onstuimigheid in die land.

November:

13 – Lieb Opperman (81): Lieb kry behandeling om die virus wat gordelroos veroorsaak te beveg. Verder gaan dit goed.

19 - Hennie van Brakel (87): Hy sê dit gaan goed met hom. Hy sê ook dat 'n mens op hierdie ouderdom vir alles dankbaar moet wees.

21 - Sally Coertze (88): Nadat tannie Sally haar been gebreek het kon sy nie langer in haar woonstel by Amot bly nie en moes sy "binne toe" trek. Dit was vir haar 'n groot aanpassing maar dit gaan nou weer goed.

Desember:

12 - Joey Cronjé (83): Sy het geval, die spiere in haar arm moes weer geheg word en die herstelproses is lank. Sy het verder geen klagtes nie.

12 – Dawie Smit (82): Dit gaan baie goed en hy speel nog gereeld rolbal.

13 – Willie Huyser (82): Dit gaan baie goed, het geen klagtes nie en baie om voor dankbaar te wees.

15 – Letitia Botha (84): Artritis in haar voete pla, maar verder gaan dit goed en sy bly besig. Na twee oorplantings gaan dit beter met hulle agter-kleinseun in Engeland.

15 – Hannes de Swardt (83): Dit gaan uitstekend!

KERSLIEDERE ONDER DIE STERRE

Almal word hartlik uitgenooi om saam kersliedere te kom sing. Die geleentheid is gereël vir Woensdag, 23 Desember om 18:00 onder die bome en die sterre by Parys-Wes. Francois en Elizabeth sal die sang lei.

Bring jou piekniekmandjie, stoel en kom 'n bietjie vroeër en hou piekniek voor die sang begin.

Maskers asb, gelukkig het ons baie spasie!!

NUWE INTREKKERS

Baie welkom aan die Noomés wat van Vryheid af by ons gemeente aangesluit het. Ons vertrou julle sal gou tuis voel en ten volle deel wees van die gemeente.

Naam	Van	Adres	Vorige Gemeente	Wyk	Kontaknr
Paul & Marlene	**Noomé**	**Albizzialaan 19**	**NG Gemeente Vryheid**	**Cilliers**	**084 2096237**

LOFSANGAAND MET FRANCOIS EN ELIZABETH

Op 8 Nov 2020 het Francois en Elizabeth Fourie weer 'n saamsing-lofsangaand in die kerk aangebied. Op hul kenmerkende, entoesiastiese manier het hulle ons gelei en ons kon, ten spyte van die maskers, lekker saamsing en aan God lof en eer bring. Tussendeur het hul gelees uit Ps 118 en dit beklemtoon: "Loof die Here, want Hy is goed, aan Sy liefde is daar geen einde nie".

Elizabeth het ons ook bederf toe sy vir ons haar splinternuwe seënbede vir kleinkinders gesing het.

'n Dankoffer ten bate van die gemeente se Kerskosprojek is na afloop van die diens opgeneem. Bydraes het R2 922.00 beloop.

Baie dankie, Francois en Elizabeth, dat julle jul gawes met ons deel en ons help en inspireer om God te loof. Mag ons saam met julle sê: "Die sin van my bestaan is om U alleen te volg, om te leef soos U my lei."

- Hortense Hugo *Foto: Dries*

TOP10- LEERLINGE

Baie geluk aan Hannes Grimbeek en Danielle Venter wat vanjaar twee van Hoërskool Parys se graad 12 akademiese Top10-leerlinge is.

Ons wens julle en al die ander graad 12's alles van die beste toe vir die eksamens en dan ook vir die pad vorentoe na vanjaar.

KERS PIK EN PROE

Die Kers Pik-en-Proe het op Vrydagaand 6 November plaasgevind. Soos altyd, was dit weer ‘n heerlike saamkuier geleentheid. Die dames het tafels gedek en die disse wat voorgesit is was weer uit die boonste rakke. Die nagereg was ook nie te versmaai nie. Lidmate wat nog nie ‘n pik-en-proe bygewoon het nie kan dit gerus probeer. Julle sal nie spyt wees nie. Dankie aan almal wat ook met hierdie funksie ‘n bydrae gemaak en dit bygewoon het. Dit word opreg waardeer. Wat is NG Parys-Wes sonder ‘n Pik-en-Proe!

Dries de Jager

HOOPFONDS VIR WES-VRYSTAATSE VELDBRANDE

Ons het almal gelees of gehoor van verwoestende veldbrande in die Wes-Vrystaat en Noord-kaap. Die boeregemeenskap van die Wes-Vrystaat (Hertzogville, Boshof, Hoopstad, Dealesville en Bultfontein en nog ander plekke) is erg getref deur die ramp. Boere het baie diere in die brande verloor en van die diere was so beseer dat dit van kant gemaak moes word. Daar het ook duisende hektaar weiding afgebrand en huise het in die slag gebly.

Die NG Kerk Vrystaat het die Hoopfonds gestig om die gemeenskappe by te staan. Ons het ook op sosiale media en in nuusberigte gehoor en gesien hoe mense en instansies hierdie saak ondersteun.

Die kerkraad het besluit om die kollekte wat tydens die erediens van 25 Oktober ingesamel is aan die fonds te skenk en dit is saam met bydraes wat vir dié doel by die kerkkantoor gemaak is, aan die fonds oorbetaal. Parys-Wes se bydrae tot die fonds was R9 021.00. Baie dankie vir u ondersteuning.

Dries de Jager

VLOOIMARK

Ons uitgerekte basaar is voortgesit en op 31 Oktober het ons ‘n vlooimark gehad en was dit nie ‘n heerlike samekoms nie. Worsbroodjies en koeldrank is verkoop, pannekoeke is gebak, nagereg is voorgesit en koeke, koekies, beskuit en

vleis is verkoop. Die vlooimarkitems was baie en daar was dames en ‘n paar manne wat vir bykans ‘n week baie hard gewerk het om al die items uit te pak, af te stof en te prys.

Dankie aan ons gemeentelede vir al die skenkings, dankie aan die dames wat voorberei het, dankie aan almal wat betrokke was by die stalletjies, dankie vir die gemeente se ondersteuning en dankie Vader vir ‘n mooi inkomste van R26 707.00!! Ns. Die basaar se inkomste tot op hierdie stadium is R114 309.00.

Dries de Jager

GLENIFFER KERSETE 2020

Op 10 November het die inwoners van Gleniffer ‘n heerlike kerrie-en-rys Kersete geniet, met roomys as nagereg. Van ons Gemeente se flukse dames het van vroeg-oggend af by die kerksaal se kombuis bymekaar gekom om die ete voor te berei. Maalvleis is gaar gemaak, rys is gekook, aartappels en uie is geskil en na ‘n uur of twee het die heerlike geur van kerrie-en-rys die kombuis gevul.

Dankie dames, ook sommer namens die bykans 90 Gleniffer inwoners, vir die onbaatsugtige diens wat julle lewer. Dankie ook aan die gemeentelede wat op een of ander wyse bygedra het sodat die Gleniffer inwoners ‘n heerlike ete kon geniet.

Dries de Jager

2020 PARYS KERSMARK BY PARYS-WES

Covid-19 en die deurmekaar skooljaar het orals implikasies en die Parys Kersmark wat gewoonlik by Blikoortjies Kleuterskool gehou word, moes ‘n ander heenkome vind. Die 2020 Parys Kersmark vind hierdie jaar vanaf 12 tot 23 Desember, 09:00 – 17:30 (Sondae uitgesluit) by die NG Kerk Parys-Wes plaas.

Dit beloof om ‘n groot geleentheid te wees met baie stalletjies en besoekers van oraloor. Die teetuin sal deur ons dames bestuur word en die beplanning vorder goed. Wees verseker dat daar heerlike eetgoed voorgesit gaan word. Die fondse wat deur die teetuin gegenereer gaan word is natuurlik ‘n inkomste vir ons gemeente. Die teetuin sal deur Ina van Wyk, Corina Grobbelaar en Stephanie de Lange bestuur word. Dames (of mans) wat bereid is om op een of ander wyse te help kan met een van die drie dames kontak maak of die kerkkantoor skakel.

Dries de Jager

NAGMAAL: SONDAG, 15 NOVEMBER 2020

Ons eerste Nagmaal in die gemeente na nege maande! Die Nagmaal op Sondag, 15 November is deur prof Sybrand Strauss gehou en die tema van sy boodskap was *Die Here oordeel en straf sy sondige volk.*

Ons kan sê dit was ‘n gewone nagmaal, maar dit was nie aangesien dit onder Covid-19-reëls gehou moes word. Persone wat wou bywoon moes weer voor die tyd bespreek en by aankoms by die kerk het die nodige sanitering plaasgevind.

Die interressante volgende stap was dat elke persoon wat wou deelneem aan die nagmaal, sy glasie wyn/druiwesap en stukkie brood voor in die kerk moes vat op pad na hul sitplekke. Die wyn en brood is vooraf voorberei om so die bediening van bank tot bank en persoon tot persoon uit te skakel.

Dankie aan elkeen wat gehelp het om hierdie nuwe reëlings rondom die nagmaal, vlot te laat verloop.

Foto: Dries de Jager

KERSKOSPROJEK 2020

Parys-Wes het in 2015 begin met die Kerskosprojek waar ons probeer om vir die gesinne wat maandeliks by die kerk ‘n kospakkie kry, so iets meer te gee vir die Kerstyd. Tot dusver was dit ‘n groot sukses en met die balans van jul bydraes, nadat die Kerskospakkies aangekoop is, was dit selfs moontlik om die maandelikse pakkies so bietjie te rek.

Die Diensgroepe Getuienis en Diens van Barmhartigheid wil by voorbaat baie dankie sê aan elkeen wat bereid was om, nieteenstaande groter eise wat in 2020 aan elkeen gestel is, steeds ‘n bydrae vir hierdie verdienstelike saak te maak.

Met die skryf van hierdie stukkie twee weke voor die einde van November, het ons nog nie geweet hoeveel daar bygedra is nie. Daar sal mettertyd terugvoer gegee word oor wat ingesamel is en hoe die fondse aangewend is.

Daar is geen groter troos of vreugde as die sekerheid dat jy midde-in jou nood omsluit word deur die liefde van God nie. *J. Calvyn*

2020 IN OËNSKOU

Die jaar het goed begin……totdat die Covid-19 -pandemie ons getref het. Nie net ons in Suid Afrika nie, maar die hele wêreld! Wie sou ooit kon dink dat ‘n “made in China” virus die wêreld so sou omkeer? Alles is byna wêreldwyd tot stillstand gebring, mense is in hulle wonings ingeperk en ‘n mens het gewonder, wat nou? Baie mense het maande sonder inkomste gesit, hul werk verloor, besittings verloor, sonder kos gaan slaap. Van kerk toe gaan was daar nie sprake nie en is die Boodskap op ander manière versprei. Barmhartige Samaritane het oor die wêreld heen ingespring om mense in nood te help. Stadigaan het dinge begin normaliseer, maar sal normaal ooit weer normaal wees? Die mensdom pas egter aan, al is dit moeilik. Ons weet nie wat die toekoms inhou nie, maar een ding weet ons: God is in beheer, en Hy onderhou Sy kerk! Soos ons terugkyk, kan ons dit sien, veral ook in ons lewens en in ons gemeente. Psalm 118: 29 sê vir ons: “Loof die Here, want Hy is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie.”

Dries de Jager

.

EREDIENSTE - DESEMBER 2020 / JANUARIE 2021		
6 Desember	*NG Parys-Oos*	*09:00*
13 Desember	*NG Parys-Wes*	*09:00*
20 Desember	*NG Parys-Suid*	*09:00*
25 Desember	*NG Parys-Wes*	***08:00***
27 Desember	*NG Moedergemeente*	*09:00*
31 Desember	*NG Parys-Wes*	*18:00*
3 Januarie 2021	*NG Parys-Wes*	*09:00*
10 Januarie 2021	*NG Parys-Wes*	*09:00*

•

- *Alles wat ons het lê opgestapel voor die troon van die Here. Ons moet net opklim met die Jakobsleer van gebed en dit gaan haal.*
- *Gebed is 'n goddelike tonikum vir gees, siel en liggaam. Dit is die balsem van die lewe. Gebed maak mens jonk en mooi!*

Bron : Ds Weitz Botes - Die Posduif, Mei 2005

Die Posduif-redaksie wens al ons medewerkers en lesers ‘n baie Geseënde Kersfees en voorspoedige 2021 toe. Baie dankie vir jul ondersteuning.